NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

14 Junie 2026

## KONTAKBESONDERHEDE


**Kerkkantoor**
**Erna Schuite**
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
**Leraar**
**Ds Franziska Andrag-Meyer**
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
**Koster**
**Elize Oosthuizen**
060 884 4756


## BANKBESONDERHEDE

**NGK Suidpunt**
**ABSA**
**Takkode: 334-412**
**Rek nr: 1780147276**
**Gee asb 'n verwysing, bv. Dankoffer**

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en klik op "mpaid.us" (**LW NIE** jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Esna | Swart | 06/14 |
| Maralda | Hugo | 06/15 |
| Johanna | van Dyk | 06/15 |
| Gert | de Wet | 06/16 |
| Julie | Steyn | 06/17 |
| Douwene | de Groot | 06/19 |
| Anine | Human | 06/19 |
| Marita | Laäs | 06/19 |
| Marcel | Maritz | 06/19 |
| Hetta | Moolman | 06/19 |
| Mickey | Scheepers | 06/19 |
| Elsjé | Swart | 06/19 |
| Rowland | Daniel | 06/20 |
| Lana | Jamneck | 06/20 |
| Elmine | Steenkamp | 06/20 |
| Miemie | Stemmet | 06/20 |

## WELKOM!

**EREDIENSTYE**
**Biddag vir Jeug**
09h00 L'Agulhas
10h00 Struisbaai
Spesiale kollekte:
Suidpunt Jeug
**Dinsdag**
Jeugdag
**Donderdag**
10h00 Suiderstrandblok
**Vrydag**
07h30 Mannebybelstudie

**Sondag 21 Junie**
**Vadersdag**
10h00 L'Agulhas
Kategese
Spesiale kollekte:
Msinga

*OVK Registrasie by Struisbaaikerk*
*20 Junie en 21 Junie 2026*

### DAARDIE KIND HET ALLES!

Matt Eicheldinger, bekende onderwyser, skrywer, storieverteller, met meer as 200 miljoen aanhangers op sosiale media, vertel die volgende storie: Toe hy in Graad 5 was, het 'n nuwe kind in sy klas bygekom. Dié kind het 'n top aangehad met ingeboude oorfone en dan was dit boonop omkeerbaar. Die nuwe outjie nooi toe 'n paar kinders na sy partytjie toe. Hy bly in 'n paleis, met 'n swembad met 'n "zipline" oor die swembad. Daar is ook 'n reusagtige televisie en 'n spesiale speletjieskamer. Die aand aan etenstafel sê Matt vir sy ouers: " That kid has everything!" Sy pa vra toe wat daardie seun het wat Matt ook sou wou hê. Matt noem alles op, maar toe sê sy pa hulle sal nou nie 'n swembad en ander goed kan bekostig nie, maar Matt kan maar vir hom die top gaan koop. Na die naweek vra Matt vir die nuwe outjie wat hy alles die naweek gedoen het. Hy antwoord hom toe dat hy niks gedoen het nie. Sy ouers het albei die heeltyd gewerk en hy het maar in sy kamer gesit. Matt vertel toe op sy beurt dat hy saam met sy ma koekies gebak het; saam met sy pa in die tuin gewerk het en eekhorings gejaag het en saam met sy Boetie rondgery het op hulle fietse. Aan tafel het sy pa grappe vertel wat so snaaks was dat sy maag later gepyn het van al die lag. En toe trek Matt sy top uit en hy besef dat hý eintlik die kind is wat alles het! Sy familie is beskikbaar. Hulle doen dinge saam. Hulle maak tyd vir mekaar. Wat 'n tipe ouer is jy? Is jy altyd besig, of maak jy tyd vir jou kind?

**Teksvers:** 1 Tim 4 : 12
Laat niemand op jou neersien omdat jy jonk is nie, maar wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in gedagte, in liefde, in betroubaarheid, in reinheid.

## Ons bid vir...

1. Jongmense:
- dat hulle versoekings kan weerstaan en druk kan hanteer
- wat geboelie word, onder groepsdruk verkeer en negatief beïnvloed word
- vir wysheid om goeie en gesonde keuses te maak
- dat hulle U liefde en vrede ervaar in tye van angstigheid en onsekerheid
- dat hulle altyd op U sal vertrou en U sal volg
- dat U lig deur hulle lewens skyn.

2. Wysheid vir ouers, onderwysers en almal wat die jeug daagliks begelei.
3. Almal wat eensaam en bedroef is.
4. Die leiers van ons gemeente.
5. Die geskikte persoon wat saamgaan Msinga toe vir die VROUEBEDIENING.

## Vir ons kinders

### JEUGDAG

Gemeenskappe en skole hou landwyd seremonies om die fokus te plaas op die STEM van die JONGMENSE in ons land. 16 Junie vier ons die rol van jongmense in die land, met die klem op onderwys, werkskepping en die uitdagings van die tyd, soos werkloosheid. Die oorsprong van Jeugdag was die 1976 Soweto-opstand. Duisende skoolkinders in Soweto het in opstand gekom teen die apartheidsregering se beleid van Bantoe-onderwys en veral teen die gebruik van Afrikaans as onderrigtaal in swart skole. 'n Vreedsame optog het ontaard in 'n tragedie. Volgens Mariëtte Odendaal kan ons op JEUGDAG weer opnuut fokus op die wyse waarop ons die jeug kan toerus, begelei en bemagtig om positiewe verskilmakers te wees.
Die kerk moet vir ons jongmense 'n plek van mentorskap, gebed en geleenthede vir geestelike groei wees. " Mag ons as kerk nie net herdenk nie, maar ook herbou- deur jongmense lief te hê, te lei en saam met hulle aan God se koninkryk te werk," skryf Mariëtte Odendaal.

## Doen & Deel

### PANNEKOEK en LEWERKOEKIES!

Bestel betyds by Annamarie Judd @ 0836322297(teen Donderdag 18/6 voor 12h00 asb). Net R8 per pannekoek en R10 per lewerkoekie. Jy kan dit Vrydag, 19 JUNIE, van 12h00 tot 13h00 by Struisbaaikerk kom afhaal. Kontant en kaartfasiliteite.

### WIE BREI SAAM?

Ons wil musse brei vir uitreike, hetsy STRAATWERK of elders. Kontak Joanie vir 'n breipatroon by 0725193170.

### MSINGA-UITREIK

Persone wat belangstel om deel te wees van Msinga-uitreik, 28 Junie tot 10 Julie, kontak asseblief vir Kobus Meyer by 0845142838.

### ASSEBLIEF

Ons benodig mense om te help met die klank. Opleiding sal verskaf word. Kontak die Kerkkantoor.

### DANKIE VIR

1. WONDERLIKE reaksie op die versoek vir toiletware vir die VAARDIGHEIDSKOOL.
2. Die gemeente wat die hoenderbraaie vir KENIA so goed ondersteun. Meer as 100 porsies word al op 'n slag verkoop.
3. Almal wat lekker saambrei aan MUSSE vir uitdeel.
4. Die deel van die evangelie op facebook deur sang en musiek. Op 9 Junie het 9,828 kykers al na die video van Suidpuntkoor gekyk, wat saam met ORRELBEGELEIDING “O HEER MY GOD!” gesing het. Volg ons gerus op facebook: NG Gemeente Suidpunt Struisbaai/Agulhas.
5. Ons gemeente wat so lekker saamsing tydens eredienste.
6. Goeie boodskappe.

### BOEKE

Hoe lyk dit? Het jy nie BOEKE vir ons nie? Dit kan dwarsdeur die jaar ingegee word by die Kerkkantoor. Dinsdag tot Donderdag van 08h00 tot 11h00.